

5 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-24

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:17

Dink

Die Heilige Gees laat Paulus in hoofstuk 4 begin met: “Ek druk julle dit op die hart.” In 4:17 weer: “In die Naam van die Here doen ek ’n ernstige beroep op julle.”

Hoofstukke 4 tot 6 het ’n besondere plek in dié brief, die Nuwe Testament en die hele Bybel. Om te kan dink, is ’n groot gawe van God aan ons mense. Dink reg en doen reg. So bewaar die Here die eenheid van sy kerk.

Kyk na die heidene, sê Paulus, geïnspireer deur die Heilige Gees. So moet julle nie wees nie. Hulle dink, ja, maar “hulle gedagtes lei tot niks, hulle verstand is verduister, hulle deel nie aan die lewe wat God skenk nie”. Hulle volhard in hulle moedswillige onkunde – hardnekkig, met ’n stywe nek wat nie wil draai nie – oorgegee aan losbandigheid, kry nie genoeg van alles wat vuil is nie. Sommige van hulle handhaaf ’n hoë moraal in hulle denke en lewenstyl (Rom 2:15), maar dit gaan oor hulle eindpunt, waar hulle uiteindelik teregkom – die verderf, ewige niks, alles vergeefs. So het Paulus dit in die wêreld van sy tyd raakgesien. Ons beleef dit in onbeskaamde rykdom langs skreeuende armoede, korrupsie in die politiek vloei oor in roof, diefstal, moord.

Hulle gedagtes, verstand, onkunde, hulle hele hart is gerig op ... niks. Dis die heidene! Die Skrif noem die afgode die “Niks”, die “Ydele”. Ja, geld, mag, wetenskap, mooi liggaam ... dit belowe so baie. Wie die lewe daarin soek en verwag, beland in die lugleegte van niks.

Kinderlik, nederig voor die Here buig ons ons hoofde (ons denke). Ons dank die Here vir die nuwe lewe in Jesus Christus deur die kragvolle werk van sy Gees – dink! Wees anders as die heidene. Lewe die nuwe lewe.

Sing: Psalm 86:6

Ds JJ de W Krüger (Emeritus)